Gestremdes kan motors goedkoper kry

DESEMBER is vakansietyd, reistyd en tyd om te ontspan. Dit is seker een van die redes waarom talle mense met ’n liggaamlike gestremdheid die afgelope tyd navraag oor die invoer van aangepaste voertuie gedoen het.

Ek wou by mnr. Johan Viljoen, nasionale direkteur van die Nasionale Raad vir Mense met Liggaamlike Gestremdhede, weet wat alles daarmee gepaardgaan. Dit is interessant om te verneem dat korting op invoerbelasting op aangepaste, ingevoerde sowel as plaaslik vervaardigde voertuie beskikbaar is, maar dat nie alle gestremdes hiervoor in aanmerking kan kom nie. Dit is belangrik om daarop te let dat die voertuig aangepas moet word om die gestremde in staat te stel om die voertuig te bestuur.
“Streng keuringsprosesse verseker dat dié gerief slegs tot voordeel strek van diegene wat dit regtig benodig,” sê hy.

Om vir dié voordeel in aanmerking te kom moet ’n voornemende koper om ’n geldige permit aansoek doen. Die voorgeskrewe aansoekvorms kan verkry word by die Nasionale Raad vir Mense met Liggaamlike Gestremdhede Die kontakbesonderhede is: tel. 011-726-8040, e-pos: nationaloffice@ncppdsa.org.za.

Volgens Viljoen word die aansoeke in vier kategorieë ingedeel. Twee kategorieë is toepaslik op betrokkenes wat die voertuig self bestuur en twee kategorieë vir mense wat deur ’n ander party (individue of organisasie) vervoer word. Voertuie moet aan die volgende vereistes voldoen:
) Dit moet ’n outomatiese voertuig met ’n regterhandstuur wees.) Dit moet aan die veiligheidsvereistes van die SABS vir re-gistrasie (binne Suid-Afrika) voldoen. So ’n sertifikaat kan by die handelaar of die SABS verkry word.) Die voertuig word plaaslik aangepas dat dit steeds aan al die vereistes van die departement van handel en nywerheid voldoen.

Ná ontvangs van die permit neem die aansoeker dit na die handelaar waar die motor bestel is. Die handelaar en die kliënt onderhandel dan oor die hoeveelheid korting wat toegestaan sal word. Die regulasies maak voorsiening vir korting van nagenoeg 29% van die waarde van die voertuig wanneer dit in Suid-Afrika aanland – nie 29% van die kleinhandelprys van die voertuig nie.

Volgens kenners beloop die uiteindelike korting nagenoeg 17% van die kleinhandelsprys van die voertuig. (Dit kan van vervaardiger tot vervaardiger verskil.) Die betrokke voertuig sal ook deur doeane en aksyns geïnspekteer word om te bevestig dat die aanpassings aan alle riglyne en vereistes voldoen.

Die doel van die korting lewer na my mening ’n bydra tot onafhanklikheid en die integrasie van gestremdes. As mense met gestremdhede onafkankliker kan beweeg, sal meer topposte in Suid-Afrika deur gestremdes gevul word – verteenwoordiging in die topbestuur is so beperk dat dit nie eens ’n fraksie van ’n persent uitmaak nie.

Skryf aan my by Posbus 1758, Worcester 6849 of stuur ’n e-pos aan: fanie.dt@mweb.co.za.